

**12 Februarie**

**Skriflesing: Efesiërs 6:10–20**

**Fokusgedeelte: Efesiërs 6:10, 18**

### **Sterk staan teen die aanslae**

“Jy sal moet sterk staan! Ons leef in moeilike tye.” Hierdie woorde en soortgelyke slagspreuke werk ’n totaal verkeerde benadering in die hand. Gelowiges is deur God gekies (Ef 1:4) en uit genade gered (Ef 2:8), omdat ons saam met Christus lewend gemaak is (Ef 2:6). Dit beteken dat ons nuutgemaak is om nuut te dink, te praat en te doen. Ons sondige natuur bepaal nie meer ons lewe nie, maar ons geloof is die deursurende kenmerk.

Teen die geloof mik die duiwel sy aanslae. Hy doen dit op listige maniere wat baie keer letterlik aan die lyf gevoel word. Die bedreiging van jou lewe in ’n motorkaping raak egter nie net jou vlees en bloed nie; daaragter is die Bose aan die werk. Satan wil hê jou geloof moet ingee. Hy wil sien dat jy tou opgooi met God.

Hoe sterk staan jy hierin? Nee, die vraag is verkeerd. Die Gees sê dat ons in die aanslae *dinamies* moet wees. Soek jou krag in die Here! Wees dinamies in die Here! Kom lewenskragtig in beweging, gaan vorentoe! Doen dit deur die volle wapenrusting van God aan te trek, want dit dek jou volledig, beskerm jou volledig en bemagtig jou volledig.

Met die swaard van die Gees kan jy uitroep: “Voorwaarts!” Eintlik is dit voorwaarts op jou knieë, want die tema van vers 18-20 is die gebed. Ons moet ons krag biddend in die Here soek, want die wapenrusting word biddend aangetrek.

Staan sterk ... op jou knieë! Wees dinamies in die Here ... op jou knieë! Die geloofsbelydenis in die aanslae is (vgl. HK, Sondag 52:127): “Ek is so swak. Hou U ons staande en versterk ons deur die krag van u Gees!”

*Sing: Psalm 69:12, 13 Ds CA Jansen (Welkom-Noord)*